# Musiek en Sang (c)

## Graad 6

### A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die genot van Afrikaanse musiek en sang te laat ervaar.
2. Aan te moedig om Afrikaanse musiek en sang deel van sy lewe te maak.

### B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die volgende liedere as ‘n groep kan saamsing:
   - Die Nasionale Lied. Weet wat die geskiedenis van die lied is.
   - Die Vlaglied. Weet wat die geskiedenis van die lid is.
   - Twee Vaderlandsliedere/ kultuurliedere.
   - Twee byderwetse Afrikaanse liedjies.
   - Drie geestelike liedere.
   - Vyf nuwe Voortrekkerliedjies.
   - Die Hou Koers lied.
2. Luister na opnames van ons vroeëre volksmusiek soos gesing deur onder andere Randall Wicomb. Die kinders moet die agtergrond van die liedjies verstaan om dit te kan waardeer.
3. Luister na opnames van vier verskillende Afrikaanse sangers/groepe. Die kinders moet in staat wees om die sanger te eien aan die tipe liedjies wat hy sing.
4. In staat wees om een liedjie se “verhaal” oor te vertel. Dit hoef nie dieselfde liedere as die voriges te wees nie. Byvoorbeeld die verhaal van Skipskop, Byeboerwa, en ander.
5. Weet wat die vereistes vir ‘n suksesvolle sangleier is. Hy moet die groep in minstens twee liedjies lei.
6. Die groep moet ‘n bekende lied se wysie gebruik en met behulp van die Offisier ‘n groep- of spanlied skryf en saamsing.
7. Minstens een lied as groep in kanon sing. (die doel is nie om mekaar dood te skree nie)

### C AANBIEDING

1. Dit is 'n groot aantal liedjies wat gesing en geken moet word. Die woorde van die liedere moet aanvanklik beskikbaar wees om aan te leer, maar word dan verwyder om te verhoed dat die kinders te afhanklik raak daarvan. Dit het geen sin om maar net ou bekende liedjies te gebruik nie.
2. Die jeug kraak so maklik ons volksliedjies af as "uit die oude doos" dat u die volgende geleentheid moet aangryp om die teendeel te bewys. Meeste van die liedjies het hul oorsprong uit 'n bepaalde tydvak in die volk se lewe. Dink maar aan die Briels - hulle liedjies het ontstaan uit 'n tydperk toe die Afrikaner teen die grond was. Dan is daar dié uit die dae van die Groot Trek, die Grensoorlog in Angola en so kan ons heelwat liedjies volgens hul woorde en die verhale wat hulle vertel, klassifiseer.
3. Gebruik 'n uitslaap geleentheid om te luister na die vele Afrikaanse musiek wat tans beskikbaar is. Die kind kan gevra word om musiek te bring om voor te speel. Probeer om die kinders te laat besef dat Afrikaanse musiek net so aangenaam is om na te luister as meeste van die internasionale musiek wat op hulle afgeforseer word deur groepsdruk.
4. Die aanbieder moet hier 'n liedjie kies wat 'n verstaanbare "storie" vertel. Die kinders moet dan vertel waaroor dit gaan. Dit is 'n poging om die kind te leer om te **luister** wat hy hoor. Slegs dan kan hy ook leer om te onderskei wat is betaamlik en wat nie.
5. Inligting hieroor sal u ook vind in die *Ondersteuningsboek vir Penkop- en Drawwertjie Offisiere*.
6. 'n Lekker poging waaraan Offisier en die kind kan saamwerk.